**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *14* bladsye.**

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING</u>**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **BEGRIPSTOETSE** | **(40)** |
| **AFDELING B:** | **TAALWERK** | **(80)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : BEGRIPSTOETSE**

**VRAAG 1: Artikel**

**Lees deur die artikel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**



1. Kraaie is van die intelligentste diere. Die grootte van hul breine in verhouding tot hul lyf, 'n teken van intelligensie, is die grootste van alle voëls. Dit maak 'n hele 2,7% van hul lyf uit.

2. Witborskraaie is glansend swart met 'n kenmerkende wit bors, maag en agternek. Meer as 40 spesies kom wêreldwyd voor, behalwe in Suid-Amerika en Antarktika. In Suid-Afrika is daar drie inheemse spesies: die witborskraai, swartkraai en withalskraai. Hulle het breë vlerke, wat hulle baie stuurkrag gee.

3. Die Witborskraai kom oral in Suid-Afrika voor, behalwe die Karoo en Noord-Vrystaat. Hulle verkies woude en beboste gebiede, maar word dikwels aangetref by vullishope, langs paaie, op landerye en in dorpe en stede, waar kos volop is. Kraaie het al leer tel en kan hele sinne praat. Hulle maak soms mense se stemme na om ander diere te roep of terg. Kraaie steel soms mense se besittings soos pos, motorsleutels en enigiets wat blink. In minstens een geval het hulle 'n meisie wat vir hulle kos gegee het, beloon deur elke dag vir haar goedjies te los wat hulle gesteel het.

4. **Kraaie maak gereedskap soos hake, uit takkies en blare om inseklarwes uit gate in bome te hark. Hulle onthou mense se gesigte, en as jy hulle kwaad maak, sal hulle jou jare later nog uitskel. Hulle sal jou ook aan hul maat "beskryf" en dié sal jou ook dan uitskel, selfs jonges wat jou nog nooit gesien het nie, sal dit doen. Ons noem dit groepsgedrag.**

5. **Kraaie kan goed beplan. Daar is al gesien hoe kraaie neute by 'n verkeerslig neersit sodat motors daaroor kan ry en die doppe stukkend trap. Daarna gaan haal hulle die neute en eet die inhoud.**

6. **Die kraai se oë sit weerskante van die kop. Hulle kan beter sien met net een oog op 'n slag omdat hul gesigsveld besonder groot is as hulle albei oë gebruik.**

7. **Hulle het sterk, reguit swart snawels wat al beskryf is as Switserse weermagmesse (messe met baie gebruike) omdat hulle dit gebruik om ongelooflik baie verskillende soorte kos te eet. Kraaie eet plante én vleis. Hulle is ook roofdiere sowel as aasvreters. Hulle hou van neute, vrugte, sade, insekte, klein soogdiere, voëleiers, wurms, akkedisse en selfs mense se vullis.**

8. **Hulle neste is 'n deurmekaarspul van takkies, dennenaalde, onkruid, boombas en dierehare. In stedelike gebiede word soms ook stukkies draad, plastiek en ander items gebruik. Die wyfie lê vier tot vyf eiers. Hulle broei na 18-19 dae uit en die kleintjies word soms gevoer tot hulle twee maande oud is. Jong voëls uit 'n vorige broeisel help soms met hul jonger boeties en sussies se versorging.**

[Verwerk uit: *HUISGENOOT*, 23 Julie 2020]





**WOORDESKAT**

a)verhouding- relationship

b) glansend- shining

c) kenmerkende-characteristic

d) behalwe-except

e) vullishope- rubbish heaps

f) stuurkrag-steering power

g) besittings-possessions

h) gereedskap-tools

i) hark- rake

j) onthou- remember

k) gesigsveld – field of vision

l) roofdiere - predators

m) versorging – care

**VRAE:**

1.1 **Wat is 'n teken van kraaie se intelligensie? Haal 10 opeenvolgende woorde aan as antwoord.** **(1)**

1.2 **Die volgende stelling is ONWAAR.**

**Haal 5 opeenvolgende woorde uit paragraaf 2 aan om jou antwoord te staaf.**

**Meer as 40 kraaispesies kom wêreldwyd voor.** **(1)**

1.3 **Noem drie inheemse kraaispesies wat in Suid-Afrika voorkom.** **(3)**

1.4 **Wat is die voordeel van die kraai se breë vlerke?** **(1)**

1.5 **Noem twee plekke in Suid-Afrika waar jy NIE die witborskraai sal vind nie.** **(2)**

1.6 **Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.**

**Die witborskraai verkies (beboste gebiede/woestyne).** **(1)**

1.7 **Noem twee dinge, volgens die teks, wat 'n kraai sal steel.** **(2)**

1.8 **Pas die beskrywing in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.8.1-1.8.4) en die letter (A-D) neer.**

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.8.1 **Hulle steel** | **A. Onthou mense se gesigte.** |
| 1.8.2 **Swart snawels** | **B. Los neute by verkeersligte sodat motors dit stukkend kan ry.** |
| 1.8.3 **Hulle vergeet nie** | **C. Dinge soos pos, motorsleutels en enigiets wat blink.** |
| 1.8.4 **Hulle is slim** | **D. Maak gereedskap uit takkies.** |
| | **E. Beskryf as Switserse weermagmesse.** |

**(4)**

1.9 **Hoe sal 'n kraai jou beloon as jy hom help?** **(1)**

1.10 **Waarvoor gebruik kraaie hulle gereedskap?** **(1)**

1.11 **Haal een woord in paragraaf vier aan wat vir ons sê hoe die kraai se maat ook weet om jou uit te skel.** **(1)**

1.12 **Waarom kan kraaie beter met een oog op 'n slag sien? Haal tien opeenvolgende woorde aan as antwoord.** **(1)**

1.13 **Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.**

**Roofdiere is ___**

**A. diere wat ander diere eet.**
**B. diere wat net gras eet.**
**C. diere wat net blare eet.**
**D. diere wat net neute eet.** **(1)**

1.14 **Noem twee dinge wat kraaie graag eet.** **(2)**

1.15 **Noem twee dinge wat kraaie in hulle neste gebruik.** **(2)**

1.16 **Voltooi die volgende paragraaf. Kies die antwoorde uit die woordblok hieronder.**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Sing** | **tel** | **sinne** | **stemme** | **uitskel** | **uitroep** | **ouers** | **kinders** | **gesels** |

**Kraaie is slim en kan geleer word om te** 1.16.1___**. Hulle kan selfs mense se** 1.16.2___ **namaak. Hulle sal jou jare lank** 1.16.3___ **as jy hulle kwaad maak. Selfs hulle** 1.16.4___ **kan geleer word om jou uit te skel.** **(4)**

1.17.1 **Hoeveel eiers lê die wyfies?** **(1)**

1.17.2 **Hoe lank neem dit vir die eiers om uit te broei?** **(1)**
**[30]**

## VRAAG 2: Visuele teks

**Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord dan die vrae wat volg.**




2.1 **Wat is die vak wat Meneer vir die kinders leer?** **(1)**

2.2 **Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**Ons weet Meneer is ernstig, want ...**

**A. sy hare staan regop.**
**B. sy een hand is agter sy rug.**
**C. sy oë is groot.**
**D. hy dra 'n das.** **(1)**

2.3 **Haal een woord aan wat vir ons sê wat die leerlinge met hulle werk waarmee hulle besig is, moet doen.** **(1)**

2.4 **Pas die woorde in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.4.1 **Hulle moet nou die werk *save*, want ...** | **A. belangrik.** |
| 2.4.2 **Rede waarom die seun nie sy werk kan *save* nie.** | **B. 'n Rekenaarspeletjie.** |
| 2.4.3 **Meneer sê die werk is ...** | **C. die klok gaan lui.** |
| 2.4.4 **Die seun se "werk".** | **D. hy is te dom.** |
| | **E. die ander kinders moet hom help.** |

**(4)**

2.5 **Voltooi die sin deur die korrekte woord te kies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**Die hare op Meneer se bo-lip word 'n (baard/snor/wenkbrou) genoem.** **(1)**

2.6 **Met wie praat die seun?** **(1)**

2.7 **Hoe dink jy sal Meneer reageer as hy weet wat die seun doen?** **(1)**
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40 PUNTE**

**AFDELING B: TAAL**

**VRAAG 1: SINSTRUKTURE**

**Die volgende vrae is op die prentjie gebaseer. Voer al die instruksies uit.**



1.1 **<u>Skryf die volgende sinne oor in die korrekte WOORDORDE.</u>**

1.1.1 Die toeris, vandag, moet, besoek, 'n asemrowende kasteel. (1)

1.1.2 Sy vriend, daagliks, in die hotel, eet, Haggis. (1)

1.1.3 Die toergids, beplan, het, 'n onvergeetlike reis. (1)

1.2 **Skryf die volgende sinne oor in die <u>VERLEDE TYD.</u>**

1.2.1 Skotland is soos hemel op aarde. (1)

1.2.2 Die plaaslike mense sit en praat oor hulle erfgoed. (1)

1.2.3 Ons onthou die Skotse rolprent, Braveheart. (1)

1.2.4 Die toeriste moet hulle maskers dra. (1)

1.2.5 Die land het baie hoëvelde. (1)

1.2.6 Ons reis graag in Skotland. (1)

1.3 **<u>Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD.</u>**

1.3.1 James Bond woon in Skotland. (1)

1.3.2 Hulle sit en bewonder die skoonheid van Skotland. (1)

1.3.3 Die Amerikaners het baie klagtes. (1)

1.3.4 Die Skotse voetbalspelers skop die bal baie hard oor die pale. (1)

1.3.5. Die vader is kwaad vir sy kinders. (1)

1.4 **<u>Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies.</u>**

1.4.1 Die vrou is baie stil. Skotland is uiters mooi. (want) (1)

1.4.2 ‘n Toeris moet warm klere na Skotland neem. Hy sal yskoud kry. (anders) (1)

1.4.3 Skotland is ‘n baie gewilde toeriste bestemming. Die plaaslike mense is baie vriendelik. (aangesien) (1)

1.4.4 Pa en Ma het gaan uiteet. Ons het in die hotel gebly en pret gehad. (dus) (1)

1.4.5 Die Skotte is trots op hulle land. Die land is pragtig en skoon. (omdat) (1)

1.5 **<u>Skryf die volgende sinne in die ONTKENNENDE VORM.</u>**

1.5 1. Daar is nog mense wat die Lochness monster wil sien. (1)

1.5.2 Pa het al ‘n groot vis uit die meer gevang. (1)

1.5.3 Iemand het te voet in Prinsstraat geloop. (1)

1.5.4 Die werker trek haar tekkies aan. (1)

1.5.5 Die vrou het êrens inkopies gedoen. (1)

1.6 **<u>Skryf die volgende sinne in die Lydende vorm.</u>**

1.6.1 Die Skotte het die eerste rugbywedstryd in Edinburgh gespeel. (1)

1.6.2 Alexander Fleming het pensillien by sy huis uitgevind. (1)

1.6.3 Baie besoekers sal die kroeë in Skotland besoek. (1)

1.6.4 Skape eet soet gras in Skotland. (1)

1.7 **Skryf die volgende sinne oor in die INDIREKTE REDE**

1.7.1 Ma vra vir Pa: “Is dit my whisky in jou tas?” (1)

1.7.2 Die toeris sê: “Die haggis smaak nogal lekker.” (1)

1.7.3 Ouma sê: “Brosbrood is my gunsteling kossoort in Engeland.” (1)

1.7.4 My oom vra: “Het die sjefs oorblywende appels gebruik?” (1)

1.8 **Skryf die volgende sinne oor deur net die LEES-EN SKRYFTEKENS in te vul.**

1.8.1 tel die tas op (1)

1.8.2 seekos soos gerookte salm makriel mullet en blouvis is heerlik (1)

1.8.2 klein karel vra is skotland ‘n deel van die verenigde koningryk (1)

1.8.4 moeder se ek is baie kwaad vir jou (1)

1.9 **KOMMUNATIEWE TAAL**

**Wat sal jy in die volgende situasies sê?**

1.9.1 Groet iemand voordat julle weggaan. (1)

1.9.2 Jou maat se ouma is oorlede. Betoon simpatie. (1)

1.9.3 Wens iemand geluk met hulle verjaarsdag. (1)

1.9.4 Vra die tyd. (1)

[40]





**VRAAG 2: WOORDSTRUKTURE**



2.1 **<u>Gee die MEERVOUDE van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.</u>**

2.1.1 Die seun het sy twee (oog) toegemaak en aan die antwoord gedink. (1)

2.1.2 Daar is baie private (skool) in Hillcrest. (1)

2.1.3 Janice dink aan haar twee (gesin). (1)

2.1.4 Donovan hou van die see daarom het hy baie (branderplank) by hom. (1)

2.2 **<u>Gee die VERKLEINWOORDE van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>**

2.2.1 Die moedelose tiener het 'n klein (blom) by haar buurvrou gekry. (1)

2.2.2.Timothy se oulike (ma) sorg vir hom omdat hy covid het. (1)

2.2.3 My liewe (ouma) bak heerlike beskuit. (1)

2.2.4 Die klein (mens) het 'n groot hart. (1)

2.3 **<u>Vul die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>**

2.3.1 Andries lees ___ boek. (1)

2.3.2 Die hele klas het ___ sertifikate van die hoof ontvang. (1)

2.3.3 Die boek wat Kira lees, is ___. (1)

2.3.4 Ek is bekommerd oor ___ ma, want sy voel siek. (1)

2.3.5 Hierdie opdrag wat julle doen, is _(yours)__. (1)

2.4 **Vul die VOORSETSELS in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

2.4.1 Caleb is verlief ___ ‘n meisie in sy geskiedenis klas. (1)

2.4.2 Dit is vuurwarm, maar Daniel loop ___ voet na die rugbyveld. (1)

2.4.3 Tannah skree ___ hulp, want sy het ‘n akkedis gesien. (1)

2.4.4 Na die eksamen gaan Leevyn en haar gesin ___ vakansie. (1)

2.4.5 Tristan ry ___ motorfiets skool toe. (1)

2.5 **Gee die INTENSIEWE VORM vir die woorde in hakies.Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

2.5.1 Thembi droom dat hy eendag (baie beroemd) sal word. (1)

2.5.2 Tamara het (baie nat) in die reën geword. (1)

2.5.3 Al Joshua se skryfbehoeftes is (baie goedkoop). (1)

2.5.4 Hailey verkies boeke wat (baie duur) is. (1)

2.6 **Gee die teenoorgestelde geslag van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

2.6.1 Alex was kwaad, want sy (gasvrou) het seekos vir aandete gemaak. (1)

2.6.2 Alicia se (buurvrou) is ‘n baie vriendelike persoon. (1)

2.6.3 Morgan het sy pa aan covid verloor daarom is sy ma ‘n (wewenaar). (1)

2.6.4 Dawn se broer het nooit getrou nie dus noem ons hom ‘n (oujongnooi). (1)

2.6.5 Die (spreker) het ‘n mooi toespraak by Yandisa se broer se bruilof gelewer. (1)

2.7 **<u>Voltooi die volgende VERGELYKINGS. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>**

2.7.1 Aiden is altyd so koel soos 'n ___. (1)

2.7.2 Die tieners sê altyd hulle oumas se gedagtes is so oud soos die ___ . (1)

2.7.3 Thato is so trots soos 'n ___. (1)

2.7.4 Tanitha is so lui soos 'n ___. (1)

2.8 **<u>Gee die AFKORTINGS of skryf dit voluit neer. Skryf elke keer net die nommer en die antwoord neer.</u>**

2.8.1 Blessing se broer leer nie, (m.a.w.) hy gaan druip. (1)

2.8.2 Arya kyk na rolprente (i.p.v.) te studeer. (1)

2.8.3 Cadence se pa is 'n (dominee). (1)

2.8.4 Jarred woon op die (hoek van) Hilltop en Springside. (1)

2.9 **<u>Vul die VRAAGWOORD in die oop spasies in. Die antwoord op die vraag word gegee om jou te help. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>**

2.9.1 ___ begin klasse in Hillcrest Höerskool? (agtuur) (1)

2.9.2 ___ skryfbehoeftes lê onder die lessenaar? (Braydon s'n) (1)

2.9.3 ___ kom Rowan Erasmus? (van Brittanje af) (1)

2.9.4 ___ het Geetha aan depressie begin ly? (toe sy gedruip het) (1)

2.9.5 ___ eet Kalin sy kos? (met 'n mes en lepel) (1)
[40]

**TOTAAL VIR AFDELING B: 80 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 120 PUNTE**

**KLEUR DIE PRENT IN AS JY KLAAR IS.**

